

Sing vooraf staande: Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:1, 12 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, Heer, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, Heer, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Gebed

Skrifberyming 9-1:6, 11 (26:6, 11)

- 6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;
maar Hy het, na sy welbehag / die rusdag aan sy diens gewy.
- 11 Ons het, o Heer, u wet weerstrewende, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Skriflesing: Markus 2:23-28; Heidelbergse Kategismus, Sondag 38:103

Kernvers: Markus 2:27-28

Jesus het verder vir hulle gesê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. Daarom is die Seun van mens Here ook oor die sabbat.” (Markus 2:27-28 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).

(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor 14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.

Tema: Dankbare gelowiges rus van hulle sonde in die Here Jesus

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Christus het nie gekom om die wet ongeldig te maak nie. Hy het gekom om die volle betekenis van die wet aan ons te leer deur self die wet tot in sy fynste besonderhede te gehoorsaam. As ware en regverdige mens het Jesus die Tien Gebooie presies gehoorsaam soos wat God dit verlang. Aangesien Christus die ware en volle betekenis van die wet aan ons kom leer het, moet ons versigtig wees om nie die gebooie op 'n Joodse manier te verstaan nie. Dit is veral by die verklaring van die vierde gebod waar 'n mens duidelik die onderskeid tussen Jode en Christene waarneem. Iemand wat nog nie die volle betekenis van Christus se verlossingswerk ten opsigte van die vierde gebod begryp nie, raak maklik vasgevang tussen 'n klomp moets en moenies. Jy mag nie dit doen op 'n Sondag nie of jy mag nie so maak op 'n Sondag nie.

Iemand wat steeds vra of sê wat 'n mens nie op die Sondag mag doen nie, het bloot die rusdag van die sewende dag na die eerste dag verskuif. Vir so 'n mens is die Sondag steeds 'n Joodse sabbat met 'n klomp moets en moenies. So 'n mens erken nog nie ten volle dat Christus ook die vierde gebod vervul het nie.

Maar wat is die verskil tussen die Joodse rusdag en die Christelike rusdag? Die Joodse rusdag het as hoofsaak dat die mens sy gewone, daaglikse werk moet nalaat, so hoor ons dit in die Tien Gebooie en dit het die Skrifgeleerdes by die mense ingeprint. Niemand in die huis, en ook nie die vreemdelinge nie – niemand mag werk nie, selfs nie eers sy diere nie. Daarteenoor bely die Christen, en in besonder ons Gereformeerdes, dat die vierde gebod in hoofsaak daarvoor gaan dat Jesus Christus as Verlosser aan die mense verkondig moet word. Geliefdes, as ons dit sê, is daar mense wat sal sê: Maar nou stem julle belydenis mos nie meer met die Bybel ooreen nie.

Indien 'n mens die vierde gebod soos 'n Jood wil verstaan, sal 'n mens moet saamstem dat ons belydenis nie met die Bybel ooreenstem nie. Ons bely wat op die Sondag gedoen behoort te word terwyl die Jood hamer op dit wat nie gedoen mag word nie. Toe Jesus op 'n sabbat deur 'n koringland saam met sy dissipels gestap het, het sy dissipels van die are begin pluk en uitgevryf om te eet, want hulle was honger. Toe die Fariseërs dit opmerk, was hulle dadelik by om Jesus te konfronteer. Hulle het gedink dat hulle nou uiteindelik 'n klag teen Jesus het om van Hom ontslae te raak. Hy laat dan sy dissipels toe om koringare te pluk en uit te vryf, en dit is oes. 'n Mens mag nie op die sabbat oes nie.

'n Mens kan tog nie aan die vierde gebod vashou so asof Christus nog glad nie gekom het nie. Christus se koms en sy verlossingswerk het immers 'n invloed op die hele mens se bestaan – ook op die wyse waarop hy die vierde gebod gehoorsaam.

Om die vierde gebod in die lig van Christus se verlossingswerk te verstaan, moet ons eers weet wat die sin van die sabbatsgebod in die Ou Testament is. Die karakter van die sabbat was veral daarin geleë dat daar op dié dag geen werk gedoen mag word nie. Die sewende dag is as rusdag ingestel, nie eers toe Israel die Tien Gebooie ontvang het nie. Die rusdag is 'n skeppingsinstelling.

Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. (Eksodus 20:11 AFR1983)

God weet dat geen mens in staat is om week in en week uit sewe dae aanmekaar te werk en steeds sy volle potensiaal te lewer nie. Daarom het die Here in sy alwysheid 'n ritme van ses dae werk en een dag rus ingestel.

Kort nadat God hierdie ritme gegee het, het die sonde egter 'n vastrapplek in die skepping van God gekry. En die sonde het gemaak dat die mens se werk nie meer 'n onvermengde seën is nie. Die sonde het 'n vloek oor die werk van die mens gebring. Dit beteken dat die mens na die sondeval sy werk grootliks as moeite en swaarkry ervaar het. Hy is nie altyd lus vir die werk nie, maar hy staan onder dwang: hy moet dit doen om te kan lewe. En aan die ander kant loop die mens gevaar om slaaf van sy werk te word en 'n afgod van sy werk te maak. 'n Mens wie se werk sy afgod geword het, wil vir homself 'n beter toekoms verseker as wat God vir hom gee.

Geliefdes, dit is nie die werk wat die mens se rus weggeneem het nie. Voor die sondeval het Adam en Eva al gewerk, maar hulle het nog die rus in sy volle glorie ervaar, want hulle het nie sonde gehad nie. Dit is eers na die sondeval dat die mens se rus weggeneem is en die mens se werk met die vloek besmet is.

Omdat die sonde 'n vloek oor die mens se werk gebring het, het ook die werk van die mens gewag op die verlossing van Christus. Daarom het God in die wet bepaal dat daar op die sabbat geen werk gedoen mag word nie. Sodoende was die mens tydelik onthef van die vloek van die sonde wat op sy werk gerus het. Die sabbat het dus vooruit gewys na Christus toe wat die algehele verlossing van die vloek van die sonde sal bring. Dus moes elke gelowige Israeliet die sabbat onderhou om voortdurend die verlange na Christus in hom te wek. Die Israeliet wat op die sabbat aangehou het met werk, het daar-mee te kenne gegee dat hy die vloek van die sonde bo die beloofde verlossing verkies.

Dus, in die onderhouding van die sabbat het dit sentraal gegaan oor die verlossing van die vloek van die sonde wat nog moes kom om rus vir die mens te bring.

Nou staan ons vierkantig in die Nuwe Testament, geliefdes. Christus het gekom. En deur sy lyde en sterwe aan die kruis het Hy ons verlos van die sonde en van die vloek van die sonde soos dit in ons werk tot openbaring kom. In die plek van die vloek het Christus sy seën in ons werk ingedra. Daarom kan Paulus aan die Korintiërs sê **dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie**. Nou het ons werk ewigheidsbetekenis. Ons doen ons werk goed en met vreugde, want ons weet ons lewe hou nie by die dood op nie. Daar wag vir ons 'n heerlike en vol lewe na die dood by Christus in wie ons nog die volle rus sal ervaar.

Christus Jesus ons Here het die eintlike rus waarna in die vierde gebod verwys word vir ons verwerf, want Hy het die sabbat volmaak vervul. Soos wat die vierde gebod in die Ou Testament vervul moes word, het Christus klaar vir ons gedoen. Wanneer ons nou die vierde gebod gehoorsaam, doen ons dit vanuit Christus se verlossingswerk. Om hierdie rede bely ons in Sondag 38 wat die Here van ons verwag om op die rusdag te doen.

Die Fariseërs het van die rusdag iets gemaak wat soos 'n tiran oor die mens tier. Met elke gebod op gebod en reël op reël was die sabbat vir die mens nie meer iets wat hom opwek om te verlang na die verlossing wat God belowe het nie. Voortdurend het die Jode gebuk gegaan onder die swaar las van reëls vir dit wat hulle nie op die sabbat mag doen nie. Vir hulle was die mens ter wille van die sabbat geskape. Die sabbat was die mens se baas.

Maar die sabbat het eers na die skepping van die mens gekom. En die mens is die kroon van God se skepping. Daarom is die sabbat ter wille van die mens gemaak en ingestel.

Sommige mense sal vinnig wees om te sê: Kyk daar, Jesus sê self dat die sabbat of rusdag ter wille van die mens gemaak is. Daarom kan die mens op die rusdag maar doen wat hy wil. Hy moet net sy gewone, daaglikse werk laat staan. Die mens kan op die Sondag ook maar aangaan met dit wat hom plesier en ontspanning verskaf. Hy kan selfs die Sondag lê en omslaap of die dag voluit aan sy sport bestee. Hy kan maar doen wat hy wil en waarvoor hy in die week in elk geval nie tyd kry nie. Jesus

het dan nie eers sy dissipels se optrede veroordeel nie. Trouens, Hy het hulle plukkery van die koringare verdedig toe Hy gesê het dat die sabbat ter wille van die mens gemaak is.

Geliefdes, as ons so redeneer, voeter ons van die een uiterste, die Fariseërs se verduide-liking van die rusdag, na die ander uiterste toe oor, naamlik na 'n mensgesentreerde lewe toe. 'n Mens wat na hierdie tweede kant toe oorval, maak van die Sondag 'n dag van die mens. Vir so 'n mens gaan dit net oor die mens se belange en begeertes. Hy moet maar net sy gewone, daaglikse werk laat staan, want die rusdag is ter wille van die mens gemaak.

Iemand wat by vers 27 ophou lees, is moedswillig. Jesus het verder gesê: **Die Seun van die mens is Here ook van die sabbat.** Die rusdag is die Here se dag, die dag wat Hy aan die mens gegee het om in besonder besig te wees met die dinge van die Here. Danksy die verlossing van Christus, is die groot saak op die rusdag nie meer die uiterlike rus van werk nie, maar die innerlike rus in die wete: vir my sonde het Christus versoening gedoen en ek het vrede met God deur die Here Jesus Christus.

Ons kan dit maar weet: die ware, innerlike rus sal ons nooit vind deur net ons gewone, daaglikse werk te laat staan nie. Ons vind die ware rus deur te glo dat ons verlos is van ons sonde wat ons hele lewe onrustig maak. Hierdie rus vind ons net in Christus, want Hy het gesê: **Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.** (Matteus 11:28 AFR1953)

Om hierdie rus wat Christus vir ons verwerf het regtig te ervaar, moet ons ons verbly en verheug in die Here – elke dag van ons lewe en in besonder op die rusdag wanneer ons stil word voor die Here. Daarom, geliefdes, laat staan ons ook ons gewone, daaglikse werk op die Sondag sodat Christus, die Rusbringer, met sy Woord en Gees met ons besig kan wees. Die Heilige Gees bring met die Woord van God rus in ons lewens sodat ons uit die krag wat ons op die Sondag kry die week verder kan aanpak.

Hoe sal ons nou meer en meer aan hierdie ware, innerlike rus kan deel kry? Deur te doen wat ons oor die vierde gebod bely. En wat ons oor die vierde gebod bely, is dinge wat die Here ons beveel om op die rusdag te doen. Die eerste ding wat ons beveel word, is om **die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand te hou.** Die ware rus vind ons net in Christus, omdat Hy ons van die vloek van die sonde en van die sonde self verlos het.

Daarom moet almal wat rusteloos is vanweë die sonde Christus hoor sê: **Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.** Ons sal dit alleen kan hoor, as daar iemand is wat kan preek. Daarom lê die Here op ons die verpligting om die mense wat preek te versorg, sodat hulle voluit met die verkondiging van Christus kan voortgaan. Aangesien die wêreld aanhoudend moet hoor dat Christus die Rusbringer is, moet ons ook die **godsdiensoonderrig** onderhou. Dit wil sê, ons moet sorg dat mense kan gaan studeer sodat hulle kan aanhou om Christus te verkondig.

In die tweede plek eis die Here dat ons **veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God moet saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawe te gee.** In die lig van Christus se verlossingswerk is die bywoning van eredienste noodsaaklik. In die erediens luister ons na die Woord wat verkondig word en hoor ons dat Christus as die ware Rus-bringer aan die gemeente verkondig word. In die erediens gebruik ons die sakramente en daardeur word ons verseker dat Christus regtig aan die kruis vir ons sondes gesterf het en regtig vir ons die rus van ons sondes verwerf het. In die erediens bid ons saam en vra die Here om ons sondes te vergewe sodat ons waaragtig die rus in Christus kan beleef. En in die erediens gee ons liefdegawes uit dank vir die rus wat ons kan geniet sodat daar ook rus kan kom in die lewens van die mense wat onrus beleef as gevolg van stoflike nood.

Geliefdes, die derde en laaste eis word so verwoord: **ek moet elke dag van my lewe van my bese**

werk rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe. As ons hierdie woorde bely, bevestig ons wat die doel en betekenis van die vierde gebod in die Nuwe Testament is. Dit is dat ons van ons sonde, ons bose werk, moet rus in en deur Jesus Christus.

Wanneer ons die eerste twee eise gehoorsaam, volg dit noodwendig dat ons al die dae van ons lewe van ons bose werke wil rus. As ons die rus in Christus gevind het in die verlossing van ons sondes, gaan dit mos nou uiters dom wees om weer die pad van onrus, die pad van sonde en bose werke te betree. Daarom gaan en wil ons op grond van die vierde gebod al ons bose werke nalaat sodat ons voluit uit die rus wat Christus vir ons bring, kan lewe en doen wat God ons in sy wet beveel.

Wat moet ons op die Sondag doen? Geliefdes, wat ons ook al wil doen op die Sondag moet ons meet aan wat die Here ons beveel en wat ons bely. Christus sê dat Hy die Here is oor die rusdag. Hy is Baas van die dag. As dit wat ek doen op die Sondag voluit erkenning gee dat Christus Baas is van die Sondag en Baas is van my en jou lewe, dan mag ek dit doen.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 November 2011